Volgens inligting wat die Departement van Buitelandse Sake ingewin het is daar 'n aantal geskikte skepe verkrygbaar en die komitee meen dat dit ongeveer £200,000 sal kos om 'n goeie skip aan te skaf. Hierby moet nog die onderhoudskoste en salarisse van bemanning gevoeg word. Die aankoop van 'n eie skip sal die volgende voordele inhoud:-

1. Dit sou die erns waarmee die Unie sy belange op Antarktika wil behartig, beklemtoon en bevestig en 'n sekere mate van prestige inhoud.
2. Dit sou antoediening aanwakker by wetenskaplikes en hulle medewerking verseker wat noodsaaklik is vir die behoorlike uitvoering van navorsingsprojekte op Antarktika.
3. Dit sou meen dat die Unie oor 'n boot sal beskik wat ook die afreis na die eilande jaarliks kan onderneem.
4. Die boot kan baie voordelig vir oseanografiese Navorsing gebruik word gesien die uitgebreide program van S.C.O.R. (Special Committee for Oceanic Research) wanneer dit nie vir afreis benodig word nie.
5. Aangesien die skip deur die S.A. vloot besaam en onderhou sal word, bied hierdie afreis goeie opleiding van S.A. seelui in Antarktiese seevaart, te meer omdat daar deur die betrokke Departement besluit is dat hulle huidige skepe nie geskik is vir gebruik in die verre suide nie.

Huur van 'n skip

Die huur van 'n skip vir een afreis na 'n Antarktiese basis word bereken op £ £50,000 per jaar. Dit is ongeveer £500 per dag min 3 maande. Die huur van 'n skip „fine charter basis“ sal die volgende voor- en nadele inhoud:-

- Voordele:
- (1) Geen onderhoudskoste nie.
 - (2) Geen kapitaal belegging nie.
 - (3) Dit verseker die beskikbaarheid van opgeleide seevaarders met ondervinding van skeepvaart deur ys-velde.

- Nadele:
- (1) Die keuse is beperk, en reëlins vir die huur moet baie vroegtydig demoods jare vooruit aangegaan word, aangesien daar 'n groot aantal ander lande is wat ook van gehuurde skepe gebruik maak.

(2)/....

4. Eiland Stasies.

Instandhouding van Gough Eiland stasie en stigting van 'n stasie op Bouvet.

Benamde Uitgawe Gough.

1959/60 Meer Permanente geboue vir Gough	£ 30,000
1959/60 Toerusting en kosvoorrade" "	£ 10,000
Vervoer	£ 10,000 (Jaarliks)
Onderhoudskoste	£ 20,000 (")

Benamde Uitgawe Bouvet.

1959/60 Verkenning van Bouvet	£ 13,000
1960/61 Oprigting van stasie	£ 130,000
Onderhoudskoste	£ 35,000 (Jaarliks)

Waarloondige Voordels

Indien hierdie twee stasies deeglik 'n volledige weerwaarnemings program kan deurvoer, sal die unie se weervoorspellingsdiens daardeur aansienlik baat.

Sonder hierdie twee stasies is die voorspellers vir hulle weerkaart oor die Suidelike Atlantiese oseaan en die Suidwestelike Indiese oseaan uiters afhanklik van die waarnemings op Tristan da Cunha, Marion Eiland en skeepswaarnemings noord van 36° Suid. Die bestaende eiland stasies dien 'n uiters belangrike doel en dit sal baie tot hulle waarde bydra indien waarnemings vanaf Bouvet bygevoeg kan word. Die voorspellers sal met behulp van Bouvet se waarnemings instaat wees om te doen wat tot nog toe byna onmoontlik was, en dit is om vooraf waarskuwings na skielike instroming van koue lug uit die Suidweste geruime tyd vooraf te voorspel. Voorspellers is oortuig, en ondervinding het geleer dat intensiewe weerstelsels wat met swaar reens oor die unie gelyk gaan ook sover suid as Bouvet strek en vir die voorspelling van die ontstaan en duur van hierdie swaar reens sal Bouvet se waarnemings van baie belang wees.

Ander Voordels

Dit is in belang van wêreld weerkunde dat die netwerk van waarnemings poste oor die aardbol so volledig as moontlik sal wees. Een van die grootste leemtes bestaan in die gebied tussen Antarktika en die suidelike vastelande. Die stigting van die stasie op Bouvet sal 'n belangrike stap wees in die uitvoering van die W.M.C. beleid.

Dit sal bepaald vir die unie internasionale prestige meebring indien ons daarin sou slaag om 'n stasie op hierdie onherbergsame eiland op te rig en instand te hou.

ondernem en verder voordelig gebruik word in die uitvoering van die oseanografiese program.

2. Samewerking met Noorweë.

Van 'n suiwer wetenskaplike standpunt gesien is dit ook 'n te hoë prys om te betaal vir die voordeel wat die Unie se wetenskaplikes daaruit kan haal.

Berekening van Uitgawe.

50% bydrae tot onderhoud en vervoer van en na die basis „Norway”. £100,000 (Jaarliks)

Voortsetting van SCAR lidmaatskap; bywoning van Vergaderings en sin-) £ 10,000 (Jaarliks)
postiums en administratiewe koste.)

Voordede wat so 'n reëling inhou.

1. Dit kan aan die Unie 'n sekere mate van erkenning laat toekom as moondheid met belange op Antarktika.
2. Gesien as 'n oorgangs-stadium waar daar later tot die oprigting van 'n eie basis mag oorgegaan word bied hierdie samewerking 'n gulde opleidings geleentheid vir Suid-Afrikaners.
3. Dit sal 'n sekere mate van wetenskaplike waarde hê.

Medale

- (1) Dit mag Rusland die geleentheid bied om vir sy satelliet lande ook sittingsreg op die 12 lande komitee te eis deur hulle vooraf gedeeltes van sy basisse te laat beset.

3. Deelname van Suid-Afrikaanse Wetenskaplikes aan programme by 'n Paar Stasies op Antarktika.

Daar word in vooruitsig gestel dat ses wetenskaplikes jaarliks sal aansluit by spanne van ander lande wat basisse op Antarktika beman.

Bereende Uitgawe.

Vervoer en salaris van ses persone 1959/60 £ 5,000
daarna £15,000 (Jaarliks)

Voordede

1. Hierdeur word 'n kern van Unie wetenskaplikes opgebou met ondervinding van werk en leefswyse op Antarktika.
2. Unie wetenskaplikes sal 'n aandeel hê aan die navorsing ens. op Antarktika.
3. Baie geringe politieke prestige is hieruit te haal.

IMPLIKASIES VAN DIE LEUWING VAN
DIE BOEGENDE PROGRAMME.

1. 'n Nieuwe Stasie en Antarktika.

Dit sal meen dat Suid-Afrika op die Washingtonse vergadering ten volle erkenning sal geniet as 'n land wat belange op die vasteland van Antarktika het. Hieruit is dus die maksimum strategiese voordeel en prestige te behaal.

Van 'n suiwer wetenskaplike standpunt gesien sal die uitgawe van £200,000 oprigting en £100,000 jaarlikse onderhoud plus die koste verbode aan vervoer (koop of huur van 'n skip) nie geregtig kan word nie. Byvoorbeeld, van 'n weerkundige standpunt gesien, is die sektor van Antarktika suid van die Unie tans so dig bewolk met stasies van waar ons gegewens ontvang, dat ons nie die oprigting van nog 'n basis kan geregtig nie en seer sekerlik nie ten koste van 'n basis op Bouvet of die voortsetting van die weerstasie op Gough nie.

Benodigde uitgawe.

Voorsiening vir 6 wetenskaplikes wat vanaf November 1959 tot Maart 1961 ondervinding moet opdoen by basisse op Antarktika.	1959/60 £ 6,000 1960/61 £ 15,000
Aankoop van skip	1959/60 £250,000
Oprigting van stasie	1960/61 £200,000
Onderhoud van stasie	£100,000 (Jaarliks)
Voortsetting van SCAR lidmaatskap; bywoning van Vergaderings en simposiums en administratiewe koste.	£ 20,000 (Jaarliks)
Onderhoud van skip	(Sien bylae I.)

Voordele wat so 'n nuwe stasie inhou.

1. Wille erkenning as moondheid met belange in Antarktika.
2. Prestige in die wetenskaplike wêreld as gevolg van samewerking op Antarktika.
3. Die aangekoopte skip sal ook die oiland afleerise kan

sulke samewerking deur hulle verwelkom sou word.

3. Dealings deur Suid-Afrikaanse Wetenskaplikes aan Programme by bestaande basisse op Antarktika soos by Halleybaai.

Die komitee beveel aan dat oorweging geskenk word aan hierdie moontlikheid indien geen van 1 en 2 uitgevoer word nie. 'n Totaal van ses persone kan aansluit by basisse van ander lande.

Jaarlikse koste ongeveer £15,000.

4. Antarktiese Eilande.

Be en behalwe enige van bestaande drie programme word aanbeveel dat daar voortgegaan word met die weerstasies te Marion en Tristan da Cunha en verder

(1) dat die weerstasie op Gough wat tans net tot einde 1959 goedgekeur is omskep word in 'n permanente stasie vir ongeveer 10 jaar.

Koste:

Geboue	-	30,000
Vervoer	-	10,000 (jaarliks)
Onderhoudskoste	-	20,000 (jaarliks)

(2) Dat 'n verkenning van Bouvet gereël word vir die somer van 1959/60 met die doel en die moontlikheid van die oprigting van 'n weerstasie aldaar te ondersoek.

Koste:

Verkenningstoerusting	-	£ 3,000
Vervoer	-	£10,000 (indien van die S.A. vloot gebruik gemaak kan word)

(3) Dat indien die verkenning suksesvol is 'n weerstasie op Bouvet opgerig word.

Koste:

Oprigting Bouvet Stasie	£130,000
Onderhoud " "	£ 35,000 (jaarliks).

HOOFDLIKKE PROGRAMME

1. 'n Eie Gaaftenskaplike Stasie op Antarktika Self.

Van politieke en strategiese kant benader sou so 'n stasie vir die Unie die grootste voordeel inhou. Vir die oprigting sal daar egter heelwat voorbereiding nodig wees en sal daar ook voorsiening gemaak moet word vir geskikte vervoer. Die onkoste verbonde aan die oprigting en onderhoud van so 'n stasie waar daar wetenskaplike programme nitgevoer sal word, kan beraam word op £200,000 (oprigting) en £100,000 (jaarlikse onderhoud).

Hierby moet voorsiening vir vervoer van en na die stasie gemaak word. Vir hierdie doel kan 'n versterkte skip aangekoop of gehuur word. Sien bylae I: Aankoop van Skip.

DIE WETENSKAPLIKE PROGRAMME WAT OOR 'N EIE STASIE UITGEVOER KAN WOU.

1. Weerkundige waarnemings met insluiting van bolug waarnemings.
2. Geologiese ontnames.
3. Ander geofisiese waarnemings:
 - (1) Kosmiese strale
 - (2) Seismologie
 - (3) Geomagnetisme
 - (4) Gletserskonde
 - (5)
 - (6)
 - (7)

2. Samenwerking met Noorweë.

Op 'n 50-50 basis by hulle stasie "Norway".

Dit sal ongeveer £100,000 per jaar kos en al die programme onder 1 genoem sal saam met Noorweegse wetenskaplikes uitgevoer kan word.

In hierdie verband is daar reeds deur Buitelandse Sake 'n amptelike skrywe aan die Nore gerig, om te verneem of

In die lig van bostaande is dit om politieke redes belangrik dat die Unie sy deelname aan Antarktiese bedrywighede weereens in oënskou neem.

Die mate waartoe die Regering mag besluit om in die toekomst aan genoemde bedrywighede deel te neem moet noodwendig beïnvloed word deur die volgende:-

- (1) Prestige en strategiese oorwegings
- (2) Wetenskaplike voordeel
- (3) Finansiële implikasies.

Op 'n vergadering van die Loodskomitee van SANICAN (Suid Afrikaanse Nasionale Komitee van Antarktiese Navorsing) waarop ook Verteenwoordigers van die Departement Buitelandse Sake en Vervoer as waarnemers teenwoordig was, is oorweging geskenk aan voorstelle i.v.m. moontlike uitbreiding van die Unie se bedrywighede op Antarktika en genoemde oorwegings is in gedagte gehou om prioriteit te bepaal.

102/2/7.

Mr. Duns

Kamer 54
Wes vleuel
K. Geba

BRIEFNAME VAN DIE UNIE AAN ANTARKTIKA
BEDRYWIGHED

S.A. se lidmaatskap van S.C.A.R. (Special Committee for Antarctic Research) word regverdig deur ons aktiwiteite op Marion, Tristan en Gough aangesien die belang gebied van S.C.A.R. ook hierdie eilande insluit. Hierdie eilande lê egter noord van 60° Suid en dus nie binne die belang gebied van Antarktika volgens westerse benadering in die Washington konsep verdrag nie. Die uitnodiging wat die Unie ontvang het om aan die bespreking van hierdie konsep verdrag deel te neem is nog grootliks gebaseer op ons bedrywighede t.o.v. Antarktiese programme gedurende die I.C.J. Sedert die I.C.J. is die teenwoordigheid van twee Suid-Afrikaanse weerkundiges by die Britse basis te Halleybaai ons enigste bydrae tot die internasionale wetenskaplike programme op die Antarktiese vasteland. Van die kant van Verenigde State het die waarskuwing gekom dat die Unie sy deelname aan wetenskaplike programme op Antarktika aansienlik moet uitbrei om behoud van lidmaatskap van die verdraggroep te verseker.

In hierdie verband moet gemeld word dat die Poolse aansoek om aan die bespreking van die konsep verdrag deel te neem deur die wete van die hand gewys is omdat Pole nog geen eie stasie op Antarktika beset het nie. Sedertdien het S.C.A.R. gedurende Maart 1959 kennis geneem van Pole se voorneme om die Russiese stasie Oasis vanaf September - Oktober 1959 permanent oor te neem en te beset. Die gevaar bestaan dus dat indien Pole weer sou versoek om tot die bespreking van die konsep verdrag toegelaat te word die soeklig mag val op die bedrywighede van die ander twaalf lede in Antarktika. Soos sake tans staan sal die Unie baie swak vergelyk met die ander lede en dit is nie uitgesluit dat ons reg, om op te tree as 'n land met regstreekse belang in Antarktika, in twyfel getrek sal word nie.

Vergadering van Leedskomitee, gehou te word in die
raadsaal (administrasie-gebou) van die W.N.N.R., om 9 vm. op
Donderdag 25 Junie 1959.

A G E N D A

1. Notule van vergadering gehou op 19 Junie 1959
2. Sake uit notule
3. Beplanning van programme
4. Algemeen

... sal op die bestrygheid van die ander twaalf lede in
Antarktika. Soos sake tans staan sal die Unie baie swak vergelyk
met die ander lede en dit is nie uitgesluit dat ons reg, om op te
tree as 'n land met regstreekse belange in Antarktika, in twyfel
getrek sal word nie.

- (2) 'n Gebuurde skip sal nie maklik op kort kennisgewing verkry kan word ingeval van nood aflossing nie.
- (3) Kan alleenlik op 'n on-ekonomiese basis vir 'n lang tydperk gehuur word vir oseanografiese werk.

AANKOOP VAN SKIP

BYLAE I.

Volgens inligting wat die Departement van Buitelandse Sake ingewin het is daar 'n aantal geskikte skepe verkrygbaar en die komitee meen dat dit ongeveer £200,000 sal kos om 'n goeie skip aan te skaf. Hierby moet nog die onderhoudskoste en salarisse van bemanning gevoeg word. Die aankoop van 'n eie skip sal die volgende voordele inhoud:

1. Dit sou die erns waarmee die Unie sy belange op Antarktika wil behartig, beklemtoon en bevestig en 'n sekere mate van prestige inhoud.
2. Dit sou antoesiasme aanwakker by wetenskaplikes en hulle medewerking verseker wat noodsaaklik is vir die behoorlike uitvoering van navorsingsprojekte op Antarktika.
3. Dit sou meen dat die Unie oor 'n boot sal beskik wat ook die afreis na die eilande jaarliks kan onderneem.
4. Die boot kan baie voordelig vir oseanografiese Navorsing gebruik word gegien die uitgebreide program van S.C.O.R. (Special Committee for Oceanic Research) wanneer dit nie vir afreis benodig word nie.
5. Aangesien die skip deur die S.A. vloot besaam en onderhou sal word, bied hierdie afreis goeie opleiding van S.A. seelui in Antarktiese seevaart, teneer omdat daar deur die betrokke Departement besluit is dat hulle huidige skepe nie geskik is vir gebruik in die verre suide nie.

Huur van 'n skip

Die huur van 'n skip vir een afreis na 'n Antarktiese basis word bereken op £ 50,000 per jaar. Dit is ongeveer £200 per dag min 3 maande. Die huur van 'n skip „Time charter basis“ sal die volgende voor- en nadere inhoud:

- Voordele:
- (1) Geen onderhoudskoste nie.
 - (2) Geen kapitaal belegging nie.
 - (3) Dit verseker die beskikbaarheid van opgeleide seevaarders met ondervinding van skeepvaart deur ysvelde.
- Nadere:
- (1) Die reuse is beperk, en reblings vir die huur moet baie vroegtydig desnoods jare vooruit aangegaan word, aangesien daar 'n groot aantal ander lande is wat ook van gehuurde skepe gebruik maak.

4. Eiland Stasies.

Instandhouding van Gough Eiland stasie en stigting van 'n stasie op Bouvet.

Bersaende Uitzwaai Gough.

1959/60 Meer Permanente geboue vir Gough	£ 30,000
1959/60 Toerusting en kosvoorrade " "	£ 10,000
Vervoer	£ 10,000 (Jaarliks)
Onderhoudskoste	£ 20,000 (")

Bersaende Uitzwaai Bouvet.

1959/60 Verkenning van Bouvet	£ 13,000
1960/61 Oprigting van stasie	£ 130,000
Onderhoudskoste	£ 35,000 (Jaarliks)

Weerkundige Voordele

Indien hierdie twee stasies daagliks 'n volledige weer-waarnemings program kan deurvoer, sal die unie se weer-voorspellingsdiens daardeur aansienlik baat.

Sonder hierdie twee stasies is die voorspellers vir hulle weerkaart oor die Suidelike Atlantiese oseaan en die Suidwestelike Indiese oseaan uiters afhanklik van die waarnemings op Tristan da Cunha, Marion Eiland en skeeps-waarnemings noord van 36° Suid. Die bestaande eiland stasies dien 'n uiters belangrike doel en dit sal baie tot hulle waarde bydra indien waarnemings vanaf Bouvet bygevoeg kan word. Die voorspellers sal met behulp van Bouvet se waarnemings instaat wees om te doen wat tot nog toe byna onmoontlik was, en dit is om vooraf waarskuwings na skielike instroming van koue lug uit die Suidweste geruime tyd vooraf te voorspel. Voorspellers is oortuig, en ondervinding het geleer dat intensiewe weerstelsels wat met swaar reens oor die unie gepaard gaan ook sover suid as Bouvet strek en vir die voorspelling van die ontstaan en duur van hierdie swaar reens sal Bouvet se waarnemings van baie belang wees.

Ander Voordele

Dit is in belang van wêreld weerkunde dat die netwerk van waarnemings poste oor die aardbol so volledig as moontlik sal wees. Een van die grootste leentes bestaan in die gebied tussen Antarktika en die suidelike vastelande. Die stigting van die stasie op Bouvet sal 'n belangrike stap wees in die uitvoering van die W.M.C. beleid.

Dit sal bepaald vir die unie internasionale prestige meebring indien ons daarin sou slaag om 'n stasie op hierdie onherbergsame eiland op te rig en instand te hou.

ondernem en verder voordelig gebruik word in die uitvoering van die oseanografiese program.

2. Samewerking met Noorwag.

Van 'n suiwer wetenskaplike standpunt gesien is dit ook 'n te hoë prys om te betaal vir die voordeel wat die Unie se wetenskaplikes daaruit kan haal.

Berekening van Uitgawe.

50% bydrae tot onderhoud en vervoer van en na die basis „Norway”. £100,000 (Jaarliks)

Voortsetting van SCAR lidmaatskap; bywoning van Vergaderings en simposiums en administratiewe koste.) £ 10,000 (Jaarliks)

Voordels wat so 'n reëling inhou.

1. Dit kan aan die Unie 'n sekere mate van erkenning laat toekom as moondheid met belange op Antarktika.
2. Gesien as 'n oorgangs-stadium waar daar later tot die oprigting van 'n eie basis mag oorgegaan word bied hierdie samewerking 'n gulde opleidings geleentheid vir Suid-Afrikaners.
3. Dit sal 'n sekere mate van wetenskaplike waarde hê.

Nadels

- (1) Dit mag Rusland die geleentheid bied om vir sy satelliet lande ook sittingsreg op die 12 lande komitee te eis deur hulle vooraf gedeeltes van sy basisse te laat beset.

3. Deelneme van Suid-Afrikaanse Wetenskaplikes aan Programme by 'n Paar Stasies op Antarktika.

Daar word in vooruitsig gestel dat ses wetenskaplikes jaarliks sal aansluit by spanne van ander lande wat basisse op Antarktika bemaan.

Bereende Uitgawe.

Vervoer en salaris van ses persone 1959/60 £ 5,000
daarna £15,000 (Jaarliks)

Voordels

1. Hierdeur word 'n kern van Unie wetenskaplikes opgebou met ondervinding van werk en leefswyse op Antarktika.
2. Unie wetenskaplikes sal 'n aandeel hê aan die navorsing ens. op Antarktika.
3. Baie geringe politieke prestige is hieruit te haal.

IMPLIKASIES VAN DIE DEURDREIFIG VAN
DIE BOELEGEMDE PROGRAMME.

1. 'n Eie Stasie op Antarktika.

Dit sal meen dat Suid-Afrika op die Washingtonse vergadering ten volle erkenning sal geniet as 'n land wat belange op die vasteland van Antarktika het. Hieruit is dus die maksimale strategiese voordeel en prestige te behaal.

Van 'n suiwer wetenskaplike standpunt gesien sal die uitgawe van £200,000 oprigting en £100,000 jaarlikse onderhoud plus die koste verbonde aan vervoer (koop of huur van 'n skip) nie geregtvaardig kan word nie. Byvoorbeeld, van 'n weerkundige standpunt gesien, is die sektor van Antarktika suid van die Unie tans so dig bevolk met stasies van waar ons gegewens ontvang, dat ons nie die oprigting van nog 'n basis kan regverdig nie en seer sekerlik nie ten koste van 'n basis op Bouvet of die voortsetting van die weerstasie op Gough nie.

Benodigde uitgawe.

Voorsiening vir 6 wetenskaplikes wat vanaf November 1959 tot Maart 1961 ondervinding moet opdoen by basisse op Antarktika.	1959/60 £ 6,000 1960/61 £ 15,000
Aankoop van skip	1959/60 £250,000
Oprigting van stasie	1960/61 £200,000
Onderhoud van stasie	£100,000 (Jaarliks)
Voortsetting van SCAR lidmaatskap; bywoning van Vergaderings en simposiums en administratiewe koste.	£ 10,000 (Jaarliks)
Onderhoud van skip	(Sien bylae I.)

Voordele wat so 'n eie stasie inhou.

1. Volle erkenning as moondheid met belange in Antarktika.
2. Prestige in die wetenskaplike wêreld as gevolg van saamwerking op Antarktika.
3. Die aangekoopte skip sal ook die eiland afleedreise kan

sulke samewerking deur hulle verwelkom sou word.

3. Deelneme deur Suid-Afrikaanse Wetenskaplikes aan Programme by bestaande basisse op Antarktika soos by Kallaybaai.

Die komitee beveel aan dat oorsaging geskenk word aan hierdie moontlikheid indien geen van 1 en 2 uitgevoer word nie. 'n Totaal van ses persone kan aansluit by basisse van ander lande.

Jaarlikse koste ongeveer £15,000.

4. Antarktiese Eilande.

So en behalwe enige van bestaande drie programme word aanbeveel dat daar voortgegaan word met die weerstasies te Marion en Tristan da Cunha en verder

(1) dat die weerstasie op Gough wat tans net tot einde 1959 goedgekeur is omskep word in 'n permanente stasie vir ongeveer 10 jaar.

Koste:

Geboue	-	30,000
Vervoer	-	10,000 (jaarliks)
Onderhoudskoste	-	20,000 (jaarliks)

(2) Dat 'n verkenning van Bouvet gereël word vir die somer van 1959/60 met die doel om die moontlikheid van die oprigting van 'n weerstasie aldaar te ondersoek.

Koste:

Verkenningstoerusting	-	£ 3,000
Vervoer	-	£10,000 (indien van die S.A. vloot gebruik gemaak kan word)

(3) Dat indien die verkenning suksesvol is 'n weerstasie op Bouvet opgerig word.

Koste:

Oprigting Bouvet Stasie	£130,000
Onderhoud " "	£ 35,000 (jaarliks).

WETenskaplike Programme

1. 'n Eie Onafhanklike Stasie op Antarktika Self.

Van politieke en strategiese kant benader sou so 'n stasie vir die Unie die grootste voordeel inhou. Vir die oprigting sal daar egter heelwat voorbereiding nodig wees en sal daar ook voorsiening gemaak moet word vir geskikte vervoer. Die onkoste verbonde aan die oprigting en onderhoud van so 'n stasie waar daar wetenskaplike programme uitgevoer sal word, kan beraam word op £200,000 (oprigting) en £100,000 (jaarlikse onderhoud).

Hierby moet voorsiening vir vervoer van en na die stasie gemaak word. Vir hierdie doel kan 'n versterkte skip aangekoop of gehuur word. sien bylae I: Aankoop van Skip.

DIE WETenskaplike PROGRAM WAT OP 'N EIE STASIE UITGEVOER KAN WORD.

1. Weerkundige waarnemings met insluiting van bolug waarnemings.
2. Geologiese ornames.
3. Ander geografiese waarnemings:
 - (1) Kosmiese strale
 - (2) Seismologie
 - (3) Geomagnetisme
 - (4) Gletserskonde
 - (5)
 - (6)
 - (7)
2. Samewerking met Noorweë.

Op 'n 50-50 basis by hulle stasie "Norway".

Dit sal ongeveer £100,000 per jaar kos en al die ^{wetenskaplike} programme onder 1 genoem sal saam met Noorweegse wetenskaplikes uitgevoer kan word.

In hierdie verband is daar reeds deur Buitelandse Sake 'n amptelike skrywe aan die Nore gerig, om te verneem of

In die lig van bostaande is dit om politieke-redes belangrik dat die Unie sy deelname aan Antarktiese bedrywighede weereens in oënskou neem.

Die mate waartoe die Hegering mag besluit om in die toekoms aan genoemde bedrywighede deel te neem moet noodwendig be-invloed word deur die volgende:-

- (1) Prestige en strategiese oorwegings
- (2) Wetenskaplike voordeel.
- (3) Finansiële implikasies.

Op 'n vergadering van die Loodskomitee van SANMAN (Suid Afrikaanse Nasionale Komitee van Antarktiese Navorsing) waarop ook Verteenwoordigers van die Departement Buitelandse Sake en Vervoer as waarnemers teenwoordig was, is oorweging geskenk aan voorstelle i.v.m. moontlike uitbreiding van die Unie se bedrywighede op Antarktika en genoemde oorwegings is in gedagte gehou om prioriteit te bepaal.

M.

DEELNAME VAN UNIE AAN ANTARKTIKA

BEREKENINGHEDE

S.A. se lidmaatskap van S.C.A.R. (Special Committee for Antarctic Research) word regverdig deur ons aktiwiteite op Marion, Tristan en Gough aangesien die belange gebied van S.C.A.R. ook hierdie eilande insluit. Hierdie eilande is egter noord van 60° Suid en dus nie binne die belange gebied van Antarktika volgens westerse benadering in die Washington konsep verdrag nie. Die uitnodiging wat die Unie ontvang het om aan die bespreking van hierdie konsep verdrag deel te neem is nog grootliks gebaseer op ons bedrywighede t.o.v. Antarktiese programme gedurende die I.G.J. Sedert die I.G.J. is die teenwoordigheid van twee Suid-Afrikaanse weerkundiges by die Britse basis te Halleybaai ons enigste bydrae tot die internasionale wetenskaplike programme op die Antarktiese vasteland. Van die kant van Verenigde State het die waarskuwing gekom dat die Unie sy deelname aan wetenskaplike programme op Antarktika aansienlik moet uitbrei om behoud van lidmaatskap van die verdragsgroep te verseker.

In hierdie verband moet gemeld word dat die Poolse aansoek om aan die bespreking van die konsep verdrag deel te neem deur die wete van die hand gewys is omdat Pole nog geen eie stasie op Antarktika besaam het nie. Sedertdien het S.C.A.R. gedurende Maart 1959 kennis geneem van Pole se voorneme om die Russiese stasie Oasis vanaf September - Oktober 1959 permanent oor te neem en te besaam. Die gevaar bestaan dus dat indien Pole weer sou versoek om tot die bespreking van die konsep verdrag toegelaat te word die soeklig mag val op die bedrywighede van die ander twaalf lede in Antarktika. Soos sake tens stam sal die Unie baie saak vergelyk met die ander lede en dit is nie uitgesluit dat ons reg, om op te tree as 'n land met regstreekse belange in Antarktika, in twyfel getrek sal word nie.

Die suidelike eilande kan wetenskaplik as van internasionale belang beskou word heeltemal onafhanklik van die ontwikkeling op die antarktiese vasteland en dit is nie uitgesluit dat n ander nasie die wetenskaplike betekenis van Bouvet as dekmantel mag gebruik vir permanente besetting daarvan.

Vir die voorgestelde eilandprogramme word die koste as volg beraam:-

(1) Gough-eiland

Vir geboue £30,000 gedurende 1959/60 en vir vervoer en instandhouding £20,000 vir 1959/60 en daarna £30,000 jaarliks.

(2) Bouvet-eiland

Verkenning £15,000 in 1959/60

Indien geslaag:

Oprigting van stasie £130,000 in 1960/61

Vervoer en instandhouding daarna £35,000 jaarliks.

OFSOMMING VAN KOSTE-BERAAMING

<u>Program</u>	1959/60	60/61	61/62	62/63
I. SCAR-lidmaatskap	-	10,000	10,000	10,000
II. <u>Samewerking met Noorweë</u>				
50-50 grondslag	75,000	75,000	-	-
volle corname	-	-	150,000	150,000
IV. <u>Eenhede (6) by ander basisse</u>	6,000	15,000	10,000	10,000
V. <u>Eilandstasies</u>				
Gough	50,000	30,000	30,000	30,000
Bouvet	15,000	130,000	35,000	35,000
TOTAAL	146,000	260,000	235,000	235,000

Indien n eie onafhanklike Suid-Afrikaanse stasie in Antarktika gestig moet word, sal die oprigtingskoste soos reeds gemeld £200,000 en die instandhoudingskoste £100,000 jaarliks beloop waarby vervoerkoste van £50,000 per jaar nog bygereken moet word.

Pretoria
26 Junie 1959

disiplines verteenwoordig jaarliks vanaf hierdie somer (1959/60) oor 'n tydperk van omtrent drie jaar by stasies van ander lande op Antarktika sal aansluit.

Die voordele hiervan is dat daar 'n kern van Unie-wetenskaplikes opgebou word wat ondervinding van werk- en leefwyse in Antarktika en van antarktiese probleme kan opdoen terwyl hulle aktief aan die programme van ander lande deelneem. Die onderlinge uitruiling van wetenskaplikes tussen verskillende lande op Antarktika word as besonder belangrik beskou.

Die koste hieraan verbode word beraam op £6,000 (1959/60), £15,000 (1960/61) en £10,000 (1961/62).

V. Stasies op Gough- en Bouveteiland

So en behalwe enige van die bestaande programme en hangende goedkeuring van die betrokke besitters word aanbeveel dat daar op die eilande Gough en Bouvet permanente stasies opgerig word vir 'n meerjarige tydperk van ongeveer 10 jaar. Dit sal onthou word dat Kabinetsgoedkeuring vir die aanhou van Gough slegs tot die einde van 1959 verkry is. In die geval van Bouvet is 'n voorafgaande verkenning gedurende die komende somer noodsaaklik.

Op die onlangse kongres van die W.M.O. is die behoefte aan 'n toereikende netwerk van stasies oor die hele aardbol weer sterk beklemtoon en die stigting van 'n stasie op Bouvet sal bepaald besondere wetenskaplike prestige meebring, gesien die groot leemte aan stasies in die oseaan gebied tussen Antarktika en die ander vastelande van die suidelike halfrond. Dit sal ook besondere gewig dra ten opsigte van die antarktiese programme aangesien die vulling van die bestaande leemte veel groter waarde aan die globale aspekte van die navorsing op Antarktika sal verleen. Dit geld behalwe vir weerkunde ook ander geofisiese dissiplines soos geomagnetisme, swartekrag, kosmiese straling, seismologie, ionosfeer en atmosferiese skeikunde.

Sover dit woerdienste betref sal die Unie se voorspellingsdiens aansienlik daarby baat, aangesien waarnemings vanaf Bouvet die voorspellers in staat sal stel om die skielike instroming van koue lug vanuit die suidweste 'n geruime tyd vooraf te voorspel. Ondervinding het ook geleer dat intensiewe weerstelsels wat met swaar reën oor die Unie gegaard gaan, tot so ver suid as Bouvet strek en vir die voorspelling van die moontlikheid en die duur van sulke swaar neerslae sal die Bouvetwaarnemings van die grootste belang wees.

Die/...

gegewens ontvang, maar die feit bly dat indien die Nore om een of ander rede besluit om kop uit te trek, dit 'n leemte in ons inligtingsbronne sal veroorsaak. Die Russe sou in so'n geval heelwaarskynlik verplig voel om die Nore se stasie self te betrek (d.w.s. 'n tweede stasie binne 2,500 myl van Kaapstad), of om een van hulle satelliet-lande daar te vestig. Duitendien sal antarktiese programme wat 'n groter verskeidenheid van wetenskaplike dissiplines dek, die status van S.A. deskundiges in internasionale navorsing bevorder.

Die navorsingsprogramme waaraan die Unie met groter selfstandigheid sal kan deelneem en selfs ook inisieer, kan al direk o.a. die volgende wetenskaplike dissiplines dek:-

Geologie
Geomagnetisme
Kosmiese Straling
Weerkunde
Geografie
Seismologie

Biologie
Swaartekrag
Ionosfeer
Aurora
Atmosferiese Skeikunde

III. Oprigting van 'n eie stasie op Antarktika

Indien samewerking met die Nore om een of ander rede nie aanneemlik is nie, en die politieke en strategiese oorwegings wat 'n meer aktiewe rol van die Unie op die antarktiese vasteland verg, die deurslag gee, beveel die Komitee aan dat ernstige oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid van die oprigting van 'n eie Unie-stasie op die vasteland.

Daar word besef dat dit aansienlike hoër kapitaal uitgawes sal meebring en dit is die belangrikste rede waarom hierdie voorstel slegs as tweede keuse voorgelê word. Indien, egter die Unie dit nodig sal vind om sy eie territorium in Antarktika te bekom dan sal ons mettertyd in eie stasie moet beman. Die voorstel hou dieselfde voordele in (waar paslik) wat in II hierbo uiteengesit is en dieselfde teen argumente het betrekking.

Die koste verbonde aan 'n eie stasie wat vanaf die grond opgebou moet word, word beraam op £200,000 vir oprigting en daarna £100,000 jaarliks vir onderhoud, waarby die koste van vervoer (£50,000 per jaar) nie ingesluit is nie.

IV. Deelname van Suid-Afrikaanse Wetenskaplikes aan programme by 'n paar Antarktiese stasies van ander lande

Op sigself sal hierdie program weinig tot die versterking en handhawing van die Unie se eise tot erkenning as 'n Antarktika moondheid bydra, maar vir doeltreffende voorbereiding tot die uitvoering van programme II of III beskou die komitee dit nodig dat sê ses wetenskaplikes wat verskillende geofisiese

dissiplines/...

Kortweg skyn dit dus moontlik dat indien die Unie wil saamspeel, die Nore instemmend sal reageer.

Die Komitee beveel dus aan dat:

- i) Daadwerklike stappe gedoen word om samewerking met die Nore vir die instandhouding van hulle bestaande stasie op 'n 50-50 grondslag te verkry.
- ii) Die stasie algemeen bekend moet staan as die "Suid-Afrikaanse-Noorse/Noorse-Suid-Afrikaanse stasie d.w.s. ons wil glad nie 'n minderwaardige rol speel nie, en ons hydrae sal dus dien as bewys van die Unie se regstreekse belang in Antarktika.
- iii) Fondse beskikbaar gestel moet word om ons vennootskap te bewerkstellig en in stand te hou.

Die koste hieraan verbonde word voorlopig beraam op 'n bedrag van £75,000 jaarliks, m.i.v. 1959/60, wat vervoerkoste ook insluit.

Samewerking met Noorweë sou die volgende voordele vir die Unie inhou:

- 1) Erkenning as 'n moondheid met belange in Antarktika. Gesien die verbintenis met Noorweë, kan die Unie en Noorweë mekaar se aanspraak op 'n sitplek onder die Antarktiese lande wederkerig ondersteun;
- 2) Prestige in die wetenskaplike wêreld as gevolg van omvattende deelname aan bedrywighede in Antarktika self;
- 3) Indien 'n besluit in hierdie verband vroegtydig geneem kan word, sal o.a. die posisie van die Suid-Afrikaanse afvaardiging op die Washington-vergadering in Oktober oneindig versterk word;
- 4) Die entoesiasme van wetenskaplikes, wie se medewerking noodsaaklik is vir die behoorlike uitvoering van navorsingsprojekte op Antarktika, sal aangewakker word;
- 5) Gesien as 'n oorgangs-stadium tot tyd en wyl daar later tot die oprigting van 'n eie basis oorgegaan mag word, bied sodanige samewerking 'n gulde opleidings-geleentheid vir Suid-Afrikaners, en terselfdertyd 'n blaaskans vir die Unie solank die wyere implikasies bestudeer word, veral in die lig van vervikkelings op die aanstaande Washingtonse konferensie; en
- 6) Daar dit 'n uitgemaakte saak skyn te wees dat die Unie op die vasteland vroeër of later self sal moet optree indien hy sy posisie wil handhaaf, bied samewerking met 'n ander land soos Noorweë 'n geleentheid om kapitaal te bespaar. (Sien III);
- 7) Dit kan in enige ooreenkoms bepaal word dat indien die Nore toe wil opgooi, die Unie die reg gegun moet word om die hele stasie self oor te neem.

Van 'n huishoudelik weerkundige wetenskaplike standpunt gesien, is die sektor van Antarktika suid van die Unie tans van voldoende stasies (die Noorse Stasie inklusief) voorsien, waarvandaan die Unie weerkundige

gegewens/.

MOONTLIKE PROGRAMME

Die Komitee, na inagneming van al die implikasies hierbo gemeld, en met die oog op die noodsaaklikheid dat die belange van die verskillende Unie departemente en wetenskaplike instansies tot beste voordeel ingeskakel word, het die volgende aanbevelings gemaak ten opsigte van moontlike programme wat deur die Unie in en om Antarktika uitgevoer sal kan word.

I. Die Unie is reeds lid van S.C.A.R., en om wetenskaplike, sowel as politieke redes, word dit uiters wenslik gegag dat hierdie lidmaatskap behou moet word. Lidmaatskap bring sekere onvermydelike verpligtings mee, soos ledegelde, bywoning van vergaderings en simposiums, en die administratiewe koste daaraan verbonde.

Die jaarlikse koste insluitende buitelandse reis word beraam op £10,000 per jaar.

II. Samewerking met Noorweë

Die goedkoopste manier om die Unie se status as lid van die "Suidpoolklub" te bevestig en te handhaaf skyn 'n reëling met Noorweë te wees om 'n gesamentlike Suid-Afrikaanse-Noorse stasie op die vasteland te onderhou. Vir geruime tyd al het ons geweet - d.m.v. die Amerikaners - dat die Nore rondgetas het vir steun om hulle bestaande stasie in stand te hou. Die verslag van die Unie se afvaardiging by die onlangse S.C.A.R.-vergadering te Canberra het nog verdere bewys gelewer van die Noorse begeerte om hulp te kry, en daar is toe besluit om die Unie se belang in hierdie aangeleentheid op 'n half amptelike vlak te opper. Die Noorse Ambassade in Londen is deur ons Hoë Kommissaris meegedeel dat 'n brief in hierdie verband wat aan die Hoof van die Noorse Instituut vir Poolse-navorsing deur die Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir Antarktiese Navorsing gerig was, as 'n blyk van die Unie se amptelike belang in die saak aanvaar moet word. Die reaksie van die kant van die Noorse Ambassade het nie juis enige geesdrif getoon nie, maar het wel melding gemaak van die feit dat "the suggestions made from the South African side (will) ... be taken into account". Die Direkteur van die Instituut self het die vermoë van die Unie om die nodige geld betyds in hande te kry in twyfel getrek, maar terselfdertyd het hy die Noorse Departement van Buitelandse Sake aangewys as die instansie wat die finale besluit oor toekomstige Noorse beleid ten opsigte van Antarktika moet neem.

Kortweg/...

Die mate waartoe die Regering mag besluit om in die toekoms aan
bogensende bedrywighede deel te neem moet noodwendig beïnvloed word
deur die volgende:-

- (1) Internasionale prestige en strategiese oorwegings.
- (2) Wetenskaplike voordele.
- (3) Finansiële implikasies.

VI. Op 'n vergadering van die Ledenkomitee van SANGLAN (Suid-Afrikaanse
Nasionale Komitee van Antarctiese Navorsing) waarop ook Verteenwoordigers
van die Departement Puitelandsake en Vervoer as waarnemers teenwoordig
was, is ooreenstemming gesien met voorstelle i.v.m. moontlike uitbreiding van
die Unie se bedrywighede op Antarktika, en die volgende programme word
deur die Komitee aanbeveel.

III. Die dringendheid, en belangrikheid, van die saak is nog verder beklemtoon deur 'n telegram van 25 Junie 1959 van ons Ambassade in Washington, die teks waarvan hieronder weergegee word:

"1. Ambassador Daniels of State Department enquired again yesterday of Counsellor whether he could give indication whether Union seriously considering co-operation with Norwegians in Queen Maud Land. Daniels said that decision by Norwegians on continued operation of their station would probably have to be taken very soon and if Union not interested it might be necessary to consider other channels of assistance to Norwegians. He would not like to do this if Union interested as it would confuse the issue.

2. Daniels' line of thought is:

- (a) Abandonment of Norwegian base could leave a possibly dangerous vacuum.
- (b) If base is to be continued with cooperation of another country opportunity to provide this cooperation should be given to Union as area is one in which Union probably has greatest interest.
- (c) Union's operations in Queen Maud Land could be co-ordinated with those on Islands.
- (d) Union might welcome this opportunity of strengthening its uncertain position in Antarctic Continent at considerably less effort and expense than, for instance, establishing its own base.

3. Obliquely, but nevertheless clearly, Daniels made the point that Union's claim to inclusion in the "Antarctic Club" not considered by some to be strong; and although firmly accepted by United States it would certainly strengthen their hand if Union could establish early activity on Continent itself. Although he did not mention Poland, I have little doubt he had in mind also the situation which might arise should Poland become firmly established in its base."

IV. Alle inligting tot ons beskikking dui daarop dat tensy die Unie regering eersdaags besluit op kragdadige optrede in Antarktika en die besluit op 'n gepaste manier kan laat bekendmaak die Unie gevaar sal loop om sy plek as 'n Antarktiese moondheid te verbeur wat dan ook Minister Louw se posisie by die Washington konferensie sal bemoeilik en selfs onhoudbaar kan maak.

V. In die lig van bostaande is dit van overheidsweë belangrik dat die Unie sy deelname aan Antarktiese bedrywighede weereens in oënskou neem, en vroegtydig 'n beslissing vel oor 'n meerjarige program ten einde beplanning te bevorder.

Die/...

GE

Finale Konsep.

MEMORANDUM OOR MOONTLIKE DEELNAME VAN UNIE
AAN ANTARKTIKA BEDRYWIGHEDDE

I. S.A. se lidmaatskap van S.C.A.R. (Special Committee for Antarctic Research) word regverdig deur ons aktiwiteite op Marion, Tristan en Gough aangesien die belange gebied van S.C.A.R. ook hierdie eilande insluit. Hierdie eilande lê egter noord van 60° Suid en dus nie binne die belange gebied van Antarktika volgens westerse benadering in die Washington konsep verdrag nie. Die uitnodiging wat die Unie ontvang het om aan die bespreking van hierdie konsep verdrag deel te neem is nog grootliks gebasseer op ons bedrywighede t.o.v. Antarktiese programme gedurende die I.G.J.

Sedert die I.G.J. is die Suid-Afrikaanse bedrywighede in Antarktika beperk tot die deelname van twee weerkundiges aan 'n waarnemingsprogram te Halley Bay t.o.v. een enkele disipline, naamlik weerkunde, 'n program wat wel belangrik is maar nie juis sterk opvallend is nie. Dit is wenslik dat die Unie ook aan programme ten opsigte van ander wetenskaplike disiplines sal deelneem en wel so dat Suid-Afrikaanse wetenskaplikes leiding kan neem in die stelling en oplossing van fundamentele antarktiese probleme en in die beplanning van programme ook met die doel om 'n mate van Suid-Afrikaanse leierskap in antarktiese en Suidelike halfronde wetenskap te verkry. Deur op hierdie wyse sy wetenskaplike aktiwiteite na ander disiplines uit te brei, sal Suid-Afrika se posisie as 'n land wat werklik aktief in Antarktika presteer, gevestig en verstewig word.

II. Van die kant van die Verenigde State het die waarskuwing gekom dat die Unie sy deelname aan wetenskaplike programme op Antarktika aansienlik moet uitbrei om behoud van lidmaatskap van die verdraggroep te verseker.

In hierdie verband moet gemeld word dat die Poolse aansoek om aan die bespreking van die konsep verdrag deel te neem deur die wete van die hand gewys is omdat Pole nog geen eie stasie op Antarktika beman het nie. Sedertdien het S.C.A.R. gedurende Maart 1959 kennis geneem van Pole se voorneme om die Russiese stasie Oasis vanaf September - Oktober 1959 permanent oor te neem en te beman. Die gevaar bestaan dus dat indien Pole weer sou versoek om tot die bespreking van die konsep verdrag toegelaat te word die soeklig mag val op die bedrywighede van die ander twaalf lede op die vasteland van Antarktika. Soos sake tans staan sal die Unie baie swak vergelyk met die ander lede en dit is nie uitgesluit dat ons reg om op te tree as 'n land met regstreekse belange in Antarktika, in twyfel getrek sal word nie.